



SÊ JOU SÊ! KONSEPVERORDENING OP KORTTERMYNVERHURING

Die Stad Kaapstad nooi lede van die publiek en belangstellende partye om tussen 4 Augustus 2026 en 4 Oktober 2026 kommentaar oor die Konsepverordening op Korttermynverhuring te lewer.

Die voorgestelde verordening is daarop gemik om nakoming van die Stad se bestaande beleid op eiendomsbelasting te verbeter, wat bepaal dat kommersiële eiendomsbelasting betaal moet word vir persele wat vir kommersiële korttermynverhuring gebruik word. Kommersiële eiendomsbelasting is nie van toepassing op mense wat 'n deel van hul woning deelyds verhuur om inkomste aan te vul, en ook nie op langtermynverhuring nie, aangesien hierdie eiendomme as die huurder se primêre woning beskou word.

Om te onderskei tussen eiendomme wat vir korttermynverhuring gebruik word, het die Stad onlangs na afloop van 'n openbaredeelnameproses sy beleid op eiendomsbelasting gewysig. Spesifiek:

- Eiendomme wat vir 50% of minder van die jaarlikse kamernagkapasiteit vir korttermynverhuring gebruik word, kan voortgaan om as residensiële eiendomme gekategoriseer te word, op voorwaarde dat dit aan die vereistes van die Stad se beleid op eiendomsbelasting voldoen.
- Eiendomme wat vir meer as 50% van die jaarlikse kamernagkapasiteit vir korttermynverhuring gebruik word sal as kommersiële verblyf beskou word en dienoreenkomstig aangeslaan word.

Ter opsomming sal die verordening vereis dat:

- Besprekingsplatforms, eienaars en operateurs inligting verskaf vir registrasie en data deel oor besprekingsbeskikbaarheid en -okkupasie om die Stad se proses vir eiendomsbelastingkategorisering te ondersteun;
- Alle eiendomme wat op enige besprekingsplatform gelys word, by die Stad geregistreer moet wees;
- 'n STL-registrasienommer wat deur die Stad uitgereik is, saam met die eiendom op 'n besprekingsplatform vertoon word; en
- Besprekingsplatforms, eienaars en operateurs enige eiendom sonder 'n STL-registrasienommer wat deur die Stad uitgereik is, verwyder.

Die voorgestelde verordening sal van toepassing wees op:

- Eienaars en operateurs van eiendomme wat op 'n besprekingsplatform gelys word; en
- Besprekingsplatforms wat verblyf vir korttermynverhuring adverteer.

Die Stad is van voorneme om enige veranderinge aan eiendomsbelastingkategorieë vanaf 1 Julie 2027.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, kan die publiek en belangstellende partye van 5 Augustus 2026 tot 5 Oktober 2026 kommentaar by die munisipaliteit indien.

Kommentaar, aanbevelings of insette kan soos volg ingedien word:

- E-pos: STL@capetown.gov.za
- Skriftelike voorlegging: Aflewering by enige van die Stad se subraadskantore of Stadsbiblioteke (in die kommentaarhouer wat voorsien word)
- Webtuiste: www.capetown.gov.za/haveyoursay en www.capetown.gov.za/collaborate

Die Konsepverordening op Korttermynverhuring asook 'n beknopte opsomming daarvan kan op die Stad Kaapstad se webtuiste besigtig word: www.capetown.gov.za/haveyoursay. Die beknopte opsomming sal ook tydens die openbaredeelnametydperk in al drie die Wes-Kaap se amptelike tale by subraadskantore beskikbaar wees.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense met gestremdhede wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien.

Vir navrae in hierdie verband, kontak die Stad by 0800 220 441 of STL@capetown.gov.za.

Kontak die Stad by STL@capetown.gov.za/ indien jy meer inligting nodig het oor hoe om kommentaar in te dien.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA171/2026



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD